Jogurt-rekord

Die suiwelvervaardiger Fair Cape het die naweek in die Canal Walk-winkelsentrum probeer om met die grootste houer jogurt in die wêreld 'n plek in die *Guiness World Records* los te slaan. Die houer is 1,5 m hoog en bevat 'n allemintige 500 kg jogurt. Die vorige rekord van 100 kg is in Duitsland opgestel. Die publiek kon deur 'n skenking te gee 'n skeppie van die jogurt onder die wakende oog van veiligheidswagte geniet. Die *Idols*-medewenner Sasha-Lee het by die geleentheid opgetree.

Foto: STEPHEN WILLIAMS